SAJWV LIGA SKIETKOMPETISIES

SKIETOEFENING VIR PRESIDENT- EN INTERTAK SPANSKIETKOMPETISIES

Hierdie saamgestelde skietoefening word gebruik vir beide die Presidentskietkompetisie en die Intertak Spanskietkompetisie op streek of provinsiale en nasionale vlakke en bestaan uit twee skietoefeninge naamlik ’n vlakte- en ’n bosveldskietoefening.

SKIETOEFENING 1: VLAKTE

1. Inleiding

Die skietoefening verskil van die standaard Vlakteskietoefening in terme van ’n vierde oefening {item 7 (d)} wat bygevoeg is.

2. Teiken

Die Springbok- of Rooiribbok-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken wat die skietkomitee van tyd tot tyd mag goedkeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (andersom gedruk).

3. Universele reëls by skietoefeninge

Sien aparte dokument “Universele reëls by skietoefeninge” – dokument: J006.34.09A – vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Standaardbevele

Sien “Skietbaanveiligheidsreëls vir Deelnemers” en “Standaardbevele op die skietbaan” – dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Kaliber

Enige senterslagkaliber.

6. Visiere of teleskope

Geen beperking op visiere of teleskope nie.

7. Oefening (item verwysings na die dokument “Universele reëls by skietoefeninge”)

a. Vanaf **300 m** skiet **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die lêposisie met beperkte ondersteuning voor en agter (verwys na item 18.1.3).

b. Vanaf **200 m** skiet **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die lêposisie met ondersteuning slegs voor (verwys na item 18.1.2).

c. **N**a 10 min toegelaat is vir gewere om af te koel: vanaf **200 m** skiet **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die sitposisie met vrye ondersteuning (verwys na item 18.2.3).

d. Vanaf **100 m** skiet **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die sitposisie sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 18.2.1).

8. Puntetelling

Die maksimum puntetelling vir hierdie skietoefening is 360. Aangesien hierdie skietoefening net gebruik word tydens streek of provinsiale en nasionale kompetisies, word skietbalkies nie uitgereik nie.



Teiken werklike grootte: W x H = 680 x 1000 mm.

Teikenareas	**W x H mm**	**Area cm²**	**vs Hart**
Kop brein/skedel:	120 x 85	94	160%
Hart:	86 x 88	58	--
V-hart:	51 dia	20	33%
Sentrale hart/long:	145 x 154	203	350%
Groter long/rugwerwel:	185 x 190	344	590%

Nekwerwel: 45 mm wyd

Die tellings is op die teiken gedruk.

Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.



Teiken werklike grootte: W x H = 750 x 1000 mm

Teikenareas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Kop brein/skedel	93 x 81	61	103%
Hart	68 x 88	59	-
V-hart	51 dia	20	33%
Sentrale hart/long	145 x 154	200	350%
Groter hart/long	185 x 190	340	590%
Nek/rug werwel	45 mm wyd		

SKIETOEFENING 2: BOSVELD

1. Inleiding

Die skietoefening verskil van die standaard Bosveldskietoefening in terme van ’n vierde oefening {item 7 (d)} wat bygevoeg is.

2. Teiken

Die blouwildebees- of die sebra-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken wat die skietkomitee van tyd tot tyd mag goedkeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (andersom gedruk).

3. Universele reëls by skietoefeninge

Sien aparte dokument “Universele reëls by skietoefeninge” – dokument: J006.34.09A – vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Skietbaanveiligheidsreëls en Standaardbevele

Sien “Skietbaanveiligheidsreëls vir Deelnemers” en “Standaardbevele op die skietbaan” – dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Kaliber

Minimum kaliber is **6.5mm (.264)**. Die 25-06 Rem (.257 kaliber) kwalifiseer nie. Minimum koeëlgewig word nie voorgeskryf nie om moderne ligter monolitiese koeëls ook te akkommodeer. Let daarop dat alle koeëlgewigte vir hierdie skietoefening toegelaat, nie noodwendig geskik mag wees vir aanwending op die voorgestelde spesie op die teiken nie. Dit is die jagter se verantwoordelikheid om seker te maak dat die ammunisie wat hy gebruik om te jag, geskik is vir die dier wat hy jag.

6. Visiere of teleskope

Teleskope se vergroting word tot ’n maksimum van **10x** beperk vir die hele skietoefening (12 skote) en mag nie tussen skote en/of oefeninge op groter as 10x vergroting gestel word nie om te verhoed dat dit as ’n “spotting scope” gebruik word.

7. Oefening (item verwysings na die dokument “Universele reëls by skietoefeninge”)

a. Vanaf **150 m** skiet **drie skote** in **90 sekondes** vanuit die knielposisie met skietstokke, vrye ondersteuning (verwys na item 18.3.2).

b. Vanaf **100 m** skiet **drie skote** in **90 sekondes** vanuit die staanposisie met skietstokke, vrye ondersteuning (verwys na item 18.4.4)

c. Vanaf **50 m** skiet **drie skote** in **30 sekondes** vanuit die vryhand staanposisie (verwys na item 18.4.1)

d. Vanaf **50 m** skiet **drie snapskietskote** vanuit die **vryhand staanposisie** (verwys na item 18.4.1). Op die bevel *“Almal is gereed – sluit die grendel en staan by”* – met die snellervinger langs die snellerbeuel – word die wapens gereedgemaak en in 45 grade posisie na die grond gehou. Wanneer die fluitjie geblaas word of op die bevel *“vuur”* mag die skut sy geweer lig en slegs **een skoot** binne **5 sekondes** vuur. Op die bevel van die baanoffisier word die jagwapens weer oorgehaal en die proses word twee keer herhaal vir ’n totaal van 3 skote met ongeveer 10 sekondes tussen die skote vir oorhaal. By voltooiing van die 3 snapskote moet die skuts verseker dat hy alle rondtes wat nie in die voorgeskrewe tyd geskiet is nie uit die jagwapen verwyder.

8. Puntetelling

Die maksimum puntetelling vir hierdie skietoefening is 360. Aangesien hierdie skietoefening net gebruik word tydens streek of provinsiale en nasionale kompetisies, word skietbalkies nie uitgereik nie.

Presidentskietkompetisie – Platinum-toekenning

Die totale puntetelling vir albei bogenoemde skietoefeninge is 720 punte. Die minimumvereiste vir die behaling van die Platinum-balkie/ toekenning wat slegs tydens die Presidentskietkompetisies verwerf kan word, is ’n totaal van 610 punte (85%) uit die totaal van 720 punte vir die twee skietoefeninge tesame. Verder moet die skut ook minstens 290 punte (80%) uit 360 vir elke skietoefening afsonderlik behaal.

Intertak Spanskietkompetisie – Wildehonde-toekenning

Die totale puntetelling vir albei bogenoemde skietoefeninge vir ’n span van vier skuts is 2 880. Die minimumvereiste om die Wildehonde-balkie/toekenning wat elke skut in die span ontvang en wat slegs tydens ’n streek of nasionale Intertak Spanskietkompetisie verwerf kan word, is 2 590 punte (90%) uit die totaal van 2 880 punte vir die twee skietoefeninge tesame. Verder moet die span gesamentlik minstens 1 225 punte (85%) uit 1 440 vir elke skietoefening afsonderlik behaal.

Teiken werklike grootte: WxH = 1000 x 750 mm

Teikenareas	**W x H mm**	**Area cm²**	**vs Hart**
Brein/skedel	136 x 96	102	80 %
Hart	117 x 135	128	--
V-hart	73 dia	42	33%
Sentrale hart/long	210 x 230	440	340 %
Groter hart/long	270 x 310	820	640 %

Nekwerwel: 70 mm wyd

Die tellings is op die teiken gedruk.

Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.



Teiken werklike grootte: WxH = 750 x 1000 mm

Teikenareas	**W x H mm**	**Area cm2**	**vs Hart**
Brein/skedel	115 x 105	102	80%
Hart	117 x 135	128	--
V-hart	73 dia	42	33%
Sentrale hart/long	200 x 250	440	340%
Groter hart/long	270 x 310	820	640%

Nekwerwel: 70 mm wyd

Die tellings is op die teiken gedruk.

Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie. Blouwildebees en Sebra se vitale areas is presies dieselfde grootte